

WORD GEESTELIK GESOND DEUR DIE WAARHEID VAN DIE WOORD NA TE STREEF

Lees: 1 Timotheus 4: 1 – 16

Teks: 1 Timotheus 4 : 10

As jy na die tydskrifte, koerante en selfs op die televisie kyk, word daar baie aandag gegee aan mense se dieët. Daar word gepraat hoe jy gewig kan verloor, die regte soort kos om te eet, eetplanne en allerhande goed wat jy kan gebruik om gesonder te wees en gewig te verloor.

Hierdie saak oorheers mense se lewens en denke. In sommiges se lewe soveel so dat Godsdienst en geloof op die agtergrond bly. Waarom word daar met soveel toewyding en noukeurigheid gekyk na jou fisiese behoeftes maar menigmaal ly jou geestelike behoeftes daaronder. Soveel mense is bereid om geestelike gemorskos in te neem, dat hulle naderhand nie meer weet wat is gesonde geestelike voedsel nie.

Paulus begin hierdie gedeelte in hoofstuk 4 waarin hy Timotheus waarsku oor mense wat misleidende geeste navolg, en die leerstellings van duiwels aanhang. Soveel so dat hulle selfs probeer bepaal watter soort kosse die mense moet eet en allerhande kritiek daarteenoor het.

Maar die ware Godsdienst bly in die slag. Hulle het 'n verstandsgodsdienst nagevolg, en as hulle nie iets kan verstaan nie dan het hulle dit verwerp. Maar geloof gaan oor dinge wat ons nie kan sien en waarop ons hoop. Dit werk anders.

Daarom kom Paulus in hierdie gedeelte en roep Timotheus en die gemeente van Efese op om hulle nie besig te hou met gemorskos nie. As gelowiges hulle wil voed, moet hulle die regte bestanddele aankoop en die regte dieëtplan gebruik. Hierdie bestanddele en dieëtplan word gegee:

- a. Vers 6 leer Paulus Timotheus dat hy hom nie moet steur aan die dwaalleraars nie. Hulle is gemorskos op. Maar as jy jou voed met die woorde van die geloof en die goeie leer, dan is jy besig met die regte goed.
- b. Bly weg van die mense wat die verkeerde goed verkondig (7a). Hulle is verwerplik vir die gelowiges.
- c. Vers 7b-8 Oefening is van groot belang. Lewe in toewyding aan God. Jy moet aansluit by die geestelik gimnasium. Jy moet alles in die stryd werp om jou geestelike doel te bereik. Iets wat in jou pad staan moet uit die weg geruim word.

Daarom is vers 10, ons teksvers van so groot belang. Paulus sê nie dat ons daarna moet streef om die ewige lewe te verkry nie. Dit het jy alreeds ontvang as iemand wat tot geloof gekom het. Nee, Paulus se oproep is dat ons geestelik gesond en fiks moet wees. As God dit van jou verwag, doen dit dan.

Verder roep Paulus Timotheus op om vir die gemeente 'n voorbeeld te wees, in Woord, gedrag liefde geloof en reinheid (16). Timotheus, wat die voorganger is moet self ook aan hierdie dinge aandag gee.

Ons lewe in 'n tyd waarin mense geweldig baie aandag gee aan hulle eie sake en hulle eie belange. Selfs mense wat ander dinge leer en verkondig word aangehang en nagevolg. Paulus waarsku in 2 Timotheus 4 dat mense vir hulle leermeesters sal soek wat sal sê net wat hulle graag wil hoor.

Maar waarom wil jy iemand anders navolg as jy die beste voorbeeld het nl. Jesus Christus. Paulus roep die gemeente van Efese op in Efesiërs 5: 2 om navolgers van Jesus Christus te wees. So ook word ek en jy op dieselfde wyse opgeroep om Jesus se navolgers te wees.

Dit beteken om jou besig te hou met die dinge van God se Woord. Om jou geestelik fiks te hou en te sorg dat jy nie allerhande ongesonde geestelike kos inneem nie, maar dat jy jou hou daarby dat jy jou kragte inspan en stry, want jy het jou hoop op die Lewende God gevestig en Hy alleen kan jou seën in alles wat jy doen.

Ds. Neville Boy

15 Oktober 2017